

Die



OSSEWABRANDWAG HULDIG VRYHEIDSTRYDERS

Tweeduisend Brandwagte In Optog Deur Hoofstad Kruger Het Verdelende Stelsel Beveg

Ge-interneerdes Gehuldig Op Koffiefontein

K.G. Tree op Voor 21 Persone

Die stad van Paul Kruger was weereens op 10 Oktober die toneel van 'n inisterryke Helledagviering. Feitlik alle lof kom die Ossewabrandwag toe vir sy reuse-aandeel in hierdie niers suksesvolle en indrukwekkende betoging wat selfs dié van die vorige jaar oortref. Die vlag, vaandels, blaasorke, perderuiters en gedissiplineerde optog van 2,000 O.B.-lede van meer as 'n myl lank, is langs die weg spontaan deur die duisende toekouers toegesig en op sommige plekke selfs gesalueer.

Omdat die reëlingskomitee weer die O.B. sy regmatige plek in die Helledagviering misken het deur te bepaal dat geen organisasie sy eie kentekens in die optog mag gebruik nie, was die Pretoriase generaalskap verplig om die O.B.-optog van die markterrein af te laat begin.

Gelei deur 'n speerpunt van O.B.-vlag, gedra deur fris jong manne van die O.B.-wag, en op maat van die dromslae van 'n groot Jeugorke het die O.B. se optog langs Kerkstraat beweeg tot by Kerkplein. Hier is gewag om by die optog van die res van die Afrikanergemeenskap aan te sluit. Hierdie optog is gelei deur die Louis Trichardt-Voortrekkerwa, getrek deur damestudente van die Universiteit en Normaalkollege. Dit is gevolg deur vier kakebeenwaentjies wat deur skoolkinder getrek is, 'n perdekommendo en sowat 50 persone. Die Ossewabrandwag het agter ingeval en die bewys gelewer dat die sterk maklik die hele liggaam kan uitmaak.

Heelwat O.B.-eenhede van die Rand en selfs die platteland het pragtig steun aan die Pretoriase generaalskap verleen. Die kommando van Brits, 130 in getal, het in volle sterkte na die hoofstad ongetrek. Ook die Rustenburgers het in groot getalle opgedaag. Komdt P. W. Buys van Pretoria verdien alle lof vir die puik organisasiewerk.

ADJUNK-K.G.

Van Kerkplein af het die optog langs Paul Krugerstraat na die Krugerstandbeeld op Stasioplein gegaan, waar die kranslegging plaasgevind het. Dr. J. J. Muller van Villiers dorp het hier as feesredenaar opgetree. Na die verrigtings by die standbeeld het die O.B.-optog weer statig in gelid na die stadsaal gegaan waar hulle voor die trappies opgestel is. Hier is die groot vergadering deur die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, toegesprek. Hy is verwelkom deur genl. T. J. Buning. Die Adjunk-K.G. se toespraak het as volg geluid:

Helledag is seker een van die volksfeesgeleenthede wat Afrikaners van alle organisasies saam en sonder maskers of vermomming kan vier. Tog het daar vanjaar twee dinge gebeur wat weer vir ons bewys hoe ver daar reeds afgedwaal is van die Krugergees.

Een is die proklamasie deur die Regering wat 'n byeerkoms van meer as 20 persone op 10 Oktober in die magistratsdistrik van Koffiefontein belet — 'n proklamasie wat aan die O.B. per hand oorhandig is.

Op Koffiefontein is 'n konsentrasiekamp waarin die volgelinge van die Krugerfees, onverhoed maar deur wrede partyhand gekasty, opgesluit sit. Die K.G. is nietemin daarheen om sy boodskap aan 'n 20 persone te bring.

Die ander gebeurtenis is dat u as O.B., na my meegedeel is, deur die reëlingskomitee belet is om met kentekens soos die Vierkleur van ons volksvryheid van die nabye toekoms

saam met die ander organisasies in bedevaart op te trek na die Krugerstandbeeld.

VREEMDE STELSEL

Elders is verlede Sondag in 'n gesamentlike diens in verband met Helledagviering die volgende benadruk: „Die volksverdeeldeheid,” so het 'n spreker gesê. „Is te wyte aan vreemdsoortige idees wat Afrikaners in hul lewensbeskouings inweef en wat vreemdsoortige staatsideologieë aankleef — die kleed van Paul Kruger was uit een stuk geweef.” As die spreker daarmee bedoel het dat Paul Kruger geen volksverdelende vreemde partystelsel van regering in sy Republiek wou toelaat nie, en dat die huidige volksverdeeldeheid aan daardie liberalistiese partystelsel en 'n vreemdsoortige staatsleer te wyte is, sodat dit nooit skeurplekke in die Krugerkleed kon maak nie, onderstreep ek sy verklaring.

Die diepere godsdiensin het Kruger teen die skeurelenskap van die partywese bewaar. Laat ons daarin navolg. Daar is egter mense wat so afgedwaal het in die vertolking van die Krugerlewensbeskouings en onbewus meegevoer is met die denkwysse gebaseer op die Britse liberalistiese partystelsel, en so aangekleef is deur daardie vir Kruger vreemde staatsideologie, dat hulle vandag die werklik Christelike staatkundige beginsels soos nagestrewende deur die O.B. as vreemdsoortige ideologie beveg — selfs wanneer hulle meen om Kruger te vereer.

ONS EIE

Die O.B. daarenteen, so sal u in sy grondbeginsels lees en in sy daaglikse optrede ter praktiese uitlewing van daardie Krugerlewensbeskouing, ken geen vreemdsoortige ideologie nie. Hy ken die Christelike in die nasionale en sosiale lewe. Weliswaar soek die moderne wêreld selfs nuwe benamings vir ou gehuldigde lewensbeskouings. Hieroor wil die O.B. met niemand redekawel nie. Dis nie die naging soos Krugerisme, Calvinisme, Christelike nasionalisme of nasionale sosialisme wat vir ons hoofsaak is nie. Dis die inhoud.

Vir die O.B. is die nastrewe en versoeningssogings in hierdie tyd van onverdraagsaamheid en die pogings om die diepere Christelike lewensbeskouing van 'n Kruger uit te lewe, van werklike en godsdiensige waarde.

Dis dan ook binne en nie buite daardie nasionale en Christelik-sosiale lewensbeskouing dat die O.B. van elke lid eis die gelofte dat hy die kerk en godsdiens van die vader sal eer en handhaaf en verder om sy mede-Afrikaner te help en te beskerm en

hom nooit te verlaa, of aan die vyand of vreemde uit te lewer nie.

Moenie dat ons nou ons eie van welker, die wat met 'n Kruger ooreenstem, begin aansien vir vreemdsoortige dinge en die werklike vreemdsoortige Britse liberalistiese partyleer vir ons eie nie. Ons eer ons helde omdat hulle ons koers gegee het. Ons eer hulle omdat hulle ons helde vir ons beginsels en ons lewensbeskouing was. Ons eer hulle omdat hulle teen die uitlewering aan die vyand en vreemde geveg het — teen die Britse liberalisme en regeringstelsel omdat hulle die Kruger- en nie die Rhodes-lewensbeskouing gehuldig het.

Ek het vandag gevoel dat die vyand van die O.B. gesidder het by die slag van die dromme van hierdie betoging. U het 'n volksdaad vandag hier bewys. Daarvoor ons hartlike dank. Laat ons nou huiswaarts keer met die besieling dat die O.B. gekom het om te bly en in die wete dat die onwrikbare wil van 'n volk om homself te handhaaf nog altyd die sterkste wapenrusting was en bly, het A.K.G. Smith onder groot toejuiging afgesluit. Hy is driekeer ons bring hulde toegeroep. Nadat genl. Smith die saluut van 'n afdeling van die Boeredogters geneem het, het die byeenkoms ordelik uiteengegaan.

Die Ossewabrandwag het ten spyte van die verbod op sy voorgename viering van Helledag op Koffiefontein feesgevier en hulde gebring aan die vryheidstryders ook van hierdie geslag. Volgens die Noodregulasies waarkragens die verbod deur die regering gehef is, mag nie meer as twintig persone byeenkom nie. Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die Gebiedsleier van die Vrystaat, genl. C. L. de Jager, en aktie offisiere het die hele Ossewabrandwag op die vergadering verfeenwoordig, terwyl 'n sterk afdeling van die O.B.-wag in die dorp teenwoordig was. Die feesviering self het in die stadsaal plaasgevind waar die K.G. sy toespraak gehou het. Behalwe die feesvierendes was ook teenwoordig die hoof van die Vrystaatse Spoorwag, diens en kol. Strickland, Direkteur van Interneringskamps, wat spesiaal vir die geleentheid van Pretoria afgekam het.

Tit die interneringskamp is berig ontvang dat die geïnterneerdes presies om drie-uur drie huldekrete gaan aanhef. Die K.G. het die vergadering onderbreek, die aanwesiges op aandag laat staan en die huldekrete staande laat erken.

Die volledige verslag van die verrigtings is op die pos verfraag en het ons nie betyds vir publikasie bereik nie. Die toespraak van die K.G. sal in die volgende uitgawe verskyn.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om n PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te smoor is: **C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Beperk MOERMARK (Posbus 7185) NEWTON

Provinsiale Rade Staar in Pad van Gesondheidskema

In 'n memorandum wat hy voorgelê het aan die verteenwoordigers van die vier Provinsies het genl. Smuts verlede week die regering se standpunt betreffende onderwys, volksgesondheid en behuising uiteengesit. Hy het verklaar dat hy hom hou aan die konstitusionele posisie van die Unie, o.a. ten aansien van die bevoegdhede van die provinsiale rade. In dié verband het hy verwys na die verslag van die Gesondheidskommissie wat twee jaar gelede aangestel is, en wat 'n radikale verandering van die Unie se gesondheidsdienste aanbeveel wat o.a. vrye hospitaal- en gesondheidsdienste insluit (die verslag is nog nie gepubliseer nie). Die verslag kan die regering egter nie aanvaar nie, aldus genl. Smuts, omdat dit die gesondheidsdienste onder beheer van die sentrale regering bring, wat verregaande veranderinge nodig maak. Daarom moet die skema van die kommissie net as ideaal aanvaar word wat slegs geleidelik bereik kan word. Die onmiddellike strewes moet dan wees om 'n begin te maak deur die leemtes in die bestaande voorsiening van hospitaal- en gesondheidsdienste aan te vul sonder om radikale veranderinge in die huidige toewysing van dienste aan te bring.

Uit hierdie beleidsverklaring van die Eerste Minister blyk eerstens die waardeloosheid van die demokratiese ondersoekkomitees wat by die dosyne jaarliks aangestel word, maar wie se verslae na jarelange arbeid soms net so in die snippermandjie gewerp word — indien dit nie vereer word met 'n tweede kommissie van ondersoek insake die uitgebragte verslag nie — net omdat die aanbevelings nie strook met die stemvang-beleid van die een of ander heersende politieke party nie. In die tweede plaas openbaar dit die verstarheid van die demokrasie wat toelaat dat 'n grondwet wat deur mensehande 'n halwe eeu gelede gemaak is, in die pad staan van die volksbelange van die hede en toekomst. (Kyk ook ons hoofartikel.)

„IS DIT EERLIK ?”

Op Uitenhage het dr. Malan hom die volgende woorde laat ontval as nuwe beweegrede waarom O.B.-lede uit sy party geskop moet word:

„Die O.B. is vandag vierkant op die politieke terrein, blykens die verklaring van die Grootraad. En nou kom die verbasendste: In die O.B.-koerantjie deel mnr. J. A. Smith naamlik mee dat in 1941 reeds op 'n officiersvergadering besluit is dat die O.B. hom op die politieke gebied sou begeef en 'n selfstandige party sou wees. Dit, het dr. Malan verklaar, is dan besluit toe die Uniale Kongres plaasgevind het en dieselfde mnr. Smith die besluit tot volkseenheid in die openbaar ondersteun het. Is dit eerlike spel?” (Die Burger, 12 Okt.)

Dr. Malan bring hier 'n baie ernstige beskuldiging teen genl. Smith en die Ossewabrandwag in. Maar laat ons aanhaal wat genl. Smith WERKLIK gesê het, en nie wat dr. Malan hom toedig nie. Die betrokke O.B.-verslag (20 Sept. 1944) lui as volg:

„Dit is n' ou beleid van die O.B. Reeds in 1941 MET DIE OFFISIERSLAER IN BLOEMFONTEIN is besluit om die Ossewabrandwag in 'n politieke volksbeweging om te skep. DIT BETEKEN NIE DAT ONS 'N PARTY GEWORD HET NIE”

Dr. Malan weet baie goed dat hierdie officierslaer op 13 Oktober 1941 in Bloemfontein gehou is juis as gevolg van sy (dr. Malan se) oorlogsverklaring van 26 Augustus aan die Ossewabrandwag, terwyl die genoemde Uniale kongres waarna hy verwys op 3 Junie daardie jaar gehou is. Dr. Malan verbreek eers die ooreenkoms van 3 Junie deur sy oorlogsverklaring en as vier maande daarna 'n besluit as reaksie teen sy oorlogsverklaring geneem word, noem hy dit oneerlik!

Was genl. Hertzog dan nie reg nie toe hy gesê het dis vir dr. Malan konstitusioneel onmoontlik om 'n ander man se woorde reg aan te haal?

KAAPSE BOEREJEUG HOU GROOT LAERTREKKING

Van 29 Sept. tot 2 Okt. is vir die tweede keer binne twee maande 'n kamp vir seuns en dogters op Boerejeug-uitspan, Durbanville, gehou.

Pas was die skole gesluit, of lede van die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland, Malmesbury, Stellenbosch en Paarl het in hul getalle Vrydagaand by die laer aangekom, en al gou is die 11 tente wat opgeslaan is, deur oor die 80 kampgangers volgestaan.

Die kamp is gelei deur jeugkomdt. P. Taljaard (JA2) en jeugkomdt. J. du Toit (JA9), wat hom bygestaan het.

Daar is aan die seuns en dogters deeglike opleiding oor onderwerpe van algemene belang, soos eerstehulp, praktiese dissipline, huisvlyt, selfverdediging, ens. gegee. 'n Begin is gemaak met die aanplant van oor die honderd dennebome wat as 'n gedeelte van die grenslyn van Boerejeug-uitspan sal dien.

Indrukwekkend was die plegtigheid toe officiere van die groot O.B., wat die laer besoek het, 'n kans gekry het om elk 'n boom te plant, en toe sterkte van die Here afgebied is om die Boerejeug, soos die bome tot 'n magtige eenheid te laat groei.

Om die kampvure is saans heerlik saamgesing onder begeleiding van 'n orkes.

Bemoedigend was die belangstelling wat ouers en senior officiere in die kamp getoon het. Veral die kort boodskappe wat deur genl. E. G. Retief en Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl, meegedeel is, is deur elke lid hoog waardeur.

Die uitmekergaan na die sluiting was die moeilikste gedeelte van die naweek, want die kameraadskap wat in die kamp ontstaan het, kon moeilik deur afstand geskeur word. Dog oortuig van die taak wat voorlê, het die lede geskei om die werk op die verskillende plekke te gaan voortsit. — (Ingestuur.)

ARBEIDSVERGADERING OP GOODWOOD

Onlangs het Goodwood die geleentheid gehad om sy eerste Arbeidsfrontvergadering te hou. Die vergadering wat onder voorsitterskap van h'komdt. R. J. Steynberg gestaan het, was goed bygewoon, veral deur nie-lede van die Beweging.

H'komdt. W. R. Laubscher, Stafhoof van die Arbeidsafdeling, het die vergadering toegesprek, en o.a. die stryd binne die vakunies behandel. Die gehoor is 'n duidelike uiteensetting gegee insake die arbeidsontwrigting en -ontwikkeling wat na 1918 in Suid-Afrika ontstaan het, waarna die enigste uitweg daarteen, nl. die Arbeidsbeleid van die Ossewabrandwag, bespreek is. Die stryd van die arbeider is die stryd van elke Afrikaaner, met hierdie doel voor oë moet ons saamstaan en die kapitalis en kommunis onder ons beveg en vernietig.

Terwyl ons veg, moet ons gedurig onthou wat reeds in die verlede deur ons volk in hierdie stryd opgeoffer en behaal is, en deur ons volharding daardie helde eer. In die Arbeidsfront ken ons nie die-of-daardie party of groep nie; ook op hierdie gebied werk ons saam vir die algemene oorwinning teen die Afrikaner se vyande.

SKOUER AAN DIE WIEL

Op 16 September is by geleentheid van die besoek van die Kommandant-generaal deur Nababeep O.B.-dag gevier te Modderfontein, plaas van mnr. Mias Rossouw, wat goedgunstiglik tot beskikking gestel was. Die opbrengs van £135 vertoon goed met verlede jaar se £84. Van hierdie bedrag is £15 deur die veldkornetskap van Violdsdrift, en £23 deur die plaaslike Boerejeug ingesamel. Die kommando begin al weer werk vir aanstaande jaar met die slagkreet: Skouer aan die wiel; ons spel moed met 'n „T”. — (Ingestuur.)

SUTHERLAND SE BOEREJEUG TREK LAER

Meer as twintig seuns en dogters van die Boerejeug van Sutherland het van 29 September tot 7 Oktober uitgekamp op die plaas Klipbankrivier van mnr. Hesketh. Maj. Brink en h'komdt. Ferguson-Louw van Bellville het onderskeidelik aan die hoof van die seuns- en dogterkampe gestaan, wat 'n half myl van mekaar ingerig was. Die besielende optrede van komdt. Ferguson-Louw, wat haar vakansie onderbreek het om die kamp by te woon, is baie hoog waardeer. Die jongspan het baie geleer onder bekwame leiding. Lesings is gehou oor dissipline, tuisverpleging, spaarsin, ens. Die kommando's het die kamp oorlaai met vleis, groente, beskuit en ander etware, terwyl mev. Hesketh die melk voorsien het. Besoekers aan die kamp was volop, soms soveel as vyftien per dag. Ook drie lede van die polisie het hul opwachting gemaak en die kamp blykbaar baie geniet. Sondag het ds. Brink die diens waargeneem, terwyl toesprake op ander dae gehou is deur h'genl. Moeke en h'komdt. Brink.

Die jeug voel baie dankbaar jeens almal wat meegehelp het om die kamp so n' sukses te maak. — (Ingestuur.)

TEKENS VAN WAKKERWORD

Min. J. G. N. Strauss het verlede week verklaar dat die tyd aangebreek het om die heropening van die landbouskole ernstig te oorweeg. Hy het daarop gewys dat veel meer geskoolde manne nodig is vir die bestryding van grondverspoeling en dat die landbouskole in daardie behoefte kan voorsien.

Die landbouskole is 'n paar jaar gelede gesluit om kanonvoer beskikbaar te stel vir Stalin se oorlog. Intussen het die oorlogsbewind elke ons uit ons landbou geput om leërs oor see van kos te voorsien ten koste van die eie volk sonder om nuwe boere op te lei. Nou dink die minister eers daaraan dat die landbouskole nuttig kan wees vir . . . grondverspoeling.

ROMMELVERWERKING:

Werk oorsket stukkies wol op 'n lap vas, sit om 'n ou besem en gebruik om vloere mee te vryf.

AANDAG !!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekere en verskeie eerste pryse op Paarl Wynthentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR”

	Per Bottel	Per Gellink
Spesiaal	2/3	10/-
Rooi Jeripiko	1/9	8/-
Wit Jeripiko	1/9	8/-
Malmsey	1/9	8/-
Soet Muskadel — rooi	1/8	7/6
Soet Muskadel — wit	1/8	7/6
Soet Port	1/8	7/6
Port	1/6	7/-
Pontak	1/6	7/-
Worcester Hock	1/6	7/-
Spesiale Sjerrie	1/6	7/-
Sjerrie	1/5	6/6
Moskonfyt	1/6	6/6

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na vlyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in Kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

Tweede druk so nas verskyn

'N GROOT BOEK OOR 'N GROOT LEIER
deur
'N GROOT SKRYWER
Genl. J. B. M. Hertzog

('n Beskrywing van sy Loopbaan en Lewenswerk)

deur C. M. VAN DEN HEEVER

Prys £1 4 6 Posvry.



Dit is 'n Boek wat 'n Groot Veld Beslaan.

- Genl. Hertzog as stryker vir die Republieke se saak.
- Genl. Hertzog as kampvegter vir moedertaal-onderwys, die Afrikaaner se taalregte en kulturele selfstandigheid.
- Genl. Hertzog as kampioen van sy onsterflike gedagte: Suid-Afrika Eerste!
- Genl. Hertzog se stryd stap vir stap om aan Suid-Afrika volledige selfbeskikkingsreg te gee.
- Genl. Hertzog as politieke stryder en onverskrokke handhawer.
- Genl. Hertzog se segregasiebeleid ten opsigte van die naturel.

- Genl. Hertzog as groot en onvergeetlike mens.
- Genl. Hertzog in sy triomf en vernedering.

Die skrywer het byna agt jaar daaraan gewerk en hy het vir die juistheid van sy feite en die voorstelling van sake die volle medewerking en aktiewe hulp van genl. Hertzog self gehad.

UIT HIERDIE BOEK SAL U GENERAAL HERTZOG SE ONVERGELYKLIKE PRESTASIES IN HULLE VOLLE OMVANG LEER KEN. WATTER AFRIKANER WIL NIE HIERDIE BOEK BESIT NIE?

PRYS — £1 - 4 - 6 (Posvry)

Bestel van — **Afrikaanse Pers-Boekhandel**
Posbus 845. Lovedaystraat 75, JOHANNESBURG Foon 33-8669

„Moenie Jul Helde Beskinder Nie” — Oudregter C. L. Botha Genle. Du Toit Vertel van Haar Vader

„Dit maak nie saak wie ons red nie, solank as wat ons maar net gered word, en as daar drie of vier voormanne is moet ons hulle hul gang laat gaan — die nood sal die regte leier aanwys op die regte oomblik,” het oud-regter Chris Botha by geleentheid van Helderdagviering te Observatory verlede Dinsdagaand gesê, toe hy en genle. mev. J. S. du Toit as sprekers opgetree het.

Die vergadering is gelei deur komdt. A. J. Visser wat self 'n pragtige skets oor komdt. Gideon Scheepers gegee het. Musiek is verskaf deur mej. E. Venter wat twee klaviersolo's en mnr. Jannie Smuts wat 'n sangsolo gelewer het.

Regter Botha het verwys na die moeilikhede waarmee Afrikanerleiers in die verlede te kampe gehad het as gevolg van naywer in eie kring. Toe Piet Retief tot goewerneur gekies is nadat hy homself uitgewys het as 'n leier, was daar ander wat hom teen-gewerk het omdat hulle gemeen het hulle is beter as hy. Ook Louis Trichardt vertel hoe hy gedurig in die wile gery is deur 'n sekere Botha. Hierdie helde het alles behalwe 'n heldhaftige ondersteuning van hul volk ontvang. Met verwysing na Paul Kruger se stryd teen die uitlanders het spr. verhaal hoe hy self saam met twee vriende as advokaat na Transvaal gegaan en daar geglo het wat die Engelse en teenstanders van die President teen hom versprei het. Joubert was 'n liberalis en het die ondersteuning van die uitlanders gehad, maar laasgenoemde het nie stemreg gehad nie. Toe Oom Paul die verkiesing wen, is daar vertel dat hy self die stemme getel het. Ook spr. was sterk onder die indruk van Oom Paul se „ekstremisme” en ontevrede omdat hy geen stemreg kon kry nie. Na die Jameson-inval het sy oë egter oopgegaan en het hy besef dat Oom Paul baie verder gekyk het as hy. Oom Paul het geweet dat as hy die uitlanders stemreg gee, Transvaal sy vryheid baie gou sou verloor het. Al die tyd het spr. hom beoordeel vanuit die standpunt van die Engelse pers.

GENL. HERTZOG
Voortgaande het regter Botha na die voorbeeld van genl. Hertzog verwys. „Daar was 'n tyd toe ek genl. Hertzog geopponeer het. Ek was vyf jaar lank in die parlement as lid van die Unionistiese Party en het genl. Hertzog se onderwysbeleid beveg omdat ek gemeen het dat hy 'n fout maak. Volgens my mening het ons die oorlog verloor en moes ons voortaan 'n nuwe Suid-Afrikaanse volk vorm. Genl. Hertzog het anders gedink. Maar vyf jaar in die parlement en konkus saam met die Engelse het my geleer dat Hertzog reg was en dat jy nie op daardie grondslag met die Engelsman kan saamwerk nie.” Die geskiedenis sal uitwys dat genl. Hertzog een van ons grootste helde was en selfs 'n Engelse lewensbeskrywer van genl. Smuts moet erken dat Hertzog die fondament vir Suid-Afrika se toekomst gelê het terwyl genl. Smuts maar net groot geword het toe daar 'n oorlog uitgebreek het.

Maar wat het van genl. Hertzog geword? Toe hy dood is, het slegs 'n klein gedeelte van die tienduissendes wat hom van 1912 tot 1933 as held gehuldig het, daaroor geskok gevoel. Die oorsaak is skinderpraattjies. Daarom doen spr. 'n beroep op die volk om tog nie na skinderstories te luister nie of dit teen dr. Malan of teen dr. Van Rensburg versprei word. Die helfte van die dinge word gesê uit domheid en die ander helfte uit kwaadwilligheid. Dit is 'n verderflike spreekwoord wat sê: waar 'n rokie is, is daar 'n vuurtjie, want mense maak self rook en dan glo ander daar is 'n vuurtjie. As voorbeeld noem spr. die storie dat dr. Van Rensburg omgekoopt sou wees met 'n pensioen. Daardie pensioen is egter deur 'n wet van die parlement in 1938 aan hom gegee en genl. Smuts kon dit net so min gegee het as wat hy dit kan wegneem. Nogtans glo talle mense hierdie storie uit onkunde. Al ons voormanne het teen hierdie karaktertrek te kampe gehad, en genl. Hertzog is selfs tot 'n val gebring daardeur. 'n

Volk kry die held wat hy verdien. Die volk wat 'n held nie werd is nie, kry nie een nie. As daar vier voormanne is, moet ons hulle hul gang laat gaan. Die nood sal die regte man uitwys. Dit maak nie saak wie ons red nie solank ons net gered word.

GROOT GEVAAR
Ons verkeer in 'n toestand waarin niemand kan voorspel wat gaan gebeur nie. Daarom is spr. se boodskap: moenie rusie maak onder mekaar nie en moenie jul voormanne beskinder nie. Al staan 'n ding in die koerant is dit nog nie bewys van waarheid nie, want onder die demokrasie kan die koerante lóg soos hulle wil. Die volk is een en die een wat sy volk verdeel, doen daardie volk 'n diepe leed aan.

Ten slotte het regter Botha verwys na die uitlating van die waarnemende Goewerneur-generaal onlangs dat die toekoms in die hande van die tweetalige lê. Hy sê dit op 'n tydstip wanneer die Engelsman op die verdediging gedryf is en nou tweetaligheid moet verkondig om sy eie taal van ondergang te red. Die huigelry is egter geopenbaar in die Transvaalse Provinsiale Raad. Toe dit blyk dat die tweetalige onderwys ook die Engelse skole gaan tref, het hulle gou-gou daarvan afgesien. Spr. het 'n inleidingsartikel van die Cape Times gewraak waarin oor Helderdag geskryf word. Die blad sê, dit is om die slegste uit die verlede te haal om daarmee die meeste kwaad in die toekoms te doen. Om ons helde te huldig beteken vir hierdie mense om die slegste uit die verlede te haal!

Laat ons net soos die Voortrekkers in verskillende laers trek na die einddoel sonder om mekaar te beveg. As ons almal vertrou dat die Voorsienigheid ons volk wil behou, en as ons ons waardig maak om ons volk behoue te laat bly, en in vrede lewe met mekaar, sal ons by ons bestemming aankom, het regter Botha ten slotte verklaar.

PRES. STEYN
Genle. Du Toit het baie interessante mededelings gedoen omtrent haar vader, wyle pres. Steyn. „My vader het ek geken as 'n man van die uiterste moed en my moeder as 'n vrou van die uiterste geloof,” het sy gesê en beklemtoon hoe nou die twee mekaar in die stryd bygestaan het. Nooit het hulle toegelaat dat hul moeilikhede 'n skadu werp oor hul gesinslewe nie. Pres. Steyn het aan haar gesê dat sy swaarse nag die dag van die vredesluiting was toe hy magteloos siek gelê het. Hy het selfs nie die moed gehad om te sterf nie, maar toe kom die woorde van die Psalm voor hom: „Die Here is my lig en my hell, ek sal nie vrees nie.” Hy het toe besef dat hy kan voortlewe vir sy volk en nog president in hul harte wees al maak die Engelse hom 'n „ex-president”. Hy het gevoel dat dit sy plig was na sy swaarse siekbed om te help opbou aan die land wat so swaar gely het. Sy beleid was altyd om eers die pad van vrede in alle opsigte te bewandel voordat hy 'n ander pad volg. Dit was sy staatsbeleid destyds en dit het hy ook in sy gewone lewe toegepas. Aan spr. het hy gesê dat sy nie moet ophou om iemand te groot as sy iets teen hom het nie, want dink net daaraan hoe swaar dit sal wees as jy hom weer eendag moet groet. Ook het hy sy kinders steeds vermaan om nie hulself aan te matig omdat hul vader 'n posisie in diens van sy volk verwerf het nie: „Ek het maar net die kans gekry wat ander vaders nie gekry het nie,” het hy gesê.

Spr. herinner haar nog hoe hy aan haar 'n antwoord dikteer het op 'n brief van genl. Botha na die uitbreek van die Rebelle waarin hy gevra het

dat pres. Steyn sy invloed moet gebruik vir die hou van 'n groot volksvergadering. Pres. Steyn het geantwoord dat hy hulle gewaarsku het om eers die volk te raadpleeg; nou is dit te laat. In die brief het hy genl. Botha gewaarsku dat staatsmansbeleid meer is as militêre geweld.

Toe spr. met hom gepraat het oor die mooi woorde waarmee hy gehuldig is as ongekroonde koning en liefeling van die Vrystaat, het hy beklemtoon dat die liefde van sy volk vir hom sy verantwoordelikheid soveel groter maak.

Kort voor sy dood het hy aan haar gesê dat hy sou verkies om 'n plotselinge dood te sterf terwyl by werk. Hierdie begeerte is vervul toe hy in die middel van 'n toespraak voor die Oranje-Vrouevereniging inmekaar gesak het.

Gebiedsleier genl. F. D. du T. van Zyl het die sprekers ten slotte bedank.

BOEREJEUIG RY TE PERD NA KAMP

Op die middag van 22 September het 'n twintig-tal seuns van die Boerejoug van Reitz (elkeen met perd, saal en toom) opgedaag op komdt. A. F. Myburgh se plaas. Daardie aand het hulle om die groot kampvuur stories van heldedade van Boere gedurende die Driejarige Oorlog gehoor, vertel deur brandwag Oom Ben de Wet.

Die volgende môre het hulle geleer hoe om op te saal, komberse vas te maak ens. Op pad na die kamp 13 myl daarvandaan, het komdt. Myburgh hulle geleer om die perde te hanteer vir so 'n rit. Die kamp het vier volle dae geduur en gedurende die tyd het die seuns baie dinge geleer.

Die kamp het groot belangstelling gewek, en was ook 'n uitstekende propaganda-middel vir die Ossewabrandwag. In groot getalle het besoekers saans na die kampvuur gekom en om inligting gevra.

Met die terugry van die kamp was die klompie al meer touwys op die perde en het 'n mooi vertoning gemaak. Die idee van die kamp, asook die uitvoering daarvan het die bewondering van menigeen afgedwing, veral van anders-denkendes. Die gedagte is om 'n baie groter kamp vroeg in Desember te hou.

JUKSKEIFUNKSIE

Asst.-veldknt. Viljoen van kommando F1b2, Pietersburg, het 'n maandelikse jukskeifunksie gehou waar 18 mense teenwoordig was. Die mooi bedraggie van £5 10s. is vir die Noodhulpfonds ingesamel.—(Ingestuur.)

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE
AGENTSAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eiensnars: A. SPIES en MOOLMAN.

ONS WEET U VERKIES OM U
VENDUSIES IN DIE TRANSVAAL
IN AFRIKANER-HANDE TE GEE.

TOT U DIENS.
Wesrandse Venduafslaers
(Edms.) Beperk.
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG.
of
Posburs 245, Foon 66-2799,
KRUGERSDORP.

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde
persone verkrygbaar.
Terma uiters billik
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

MARKAGENTSAP
VROEE MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELIK,
WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eiensnars: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212
**ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS.**

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?
Bring dit na ons en sien die resultaat!!
ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

ONS EIE BOEKE
Kan Ons Aanbeveel.

VERNAME PERSONE deur Dr. E. Stockenström 6/6 p.v.	SKANDINAWIESE VERTELLINGE deur Prof. A. C. Bouman en Prof. C. F. S. de Villiers 5/6 p.v.
DIE AFRIKAANSE VROU deur Dr. E. Stockenström 6/6 p.v.	DIE OU BYBEL 'n Verhaal uit die tyd van die Hugenote-vervolgung deur S. Niemeyer 3/6 p.v.
SAAM VERBAN 'n Verhaal uit die Anglo-Boere-oorlog deur Mev. M. J. v. Straten 5/- p.v.	VIR KINDERS Kinders van die Boerevrou 6/6 p.v.
MARYNA — 'n roman deur Malherbe-Carinus 5/- p.v.	ANNA DIE VOELTJIE en ander verhale 1/6 p.v.
MIETES EN SAGES Ou Griekse legendes deur Mev. Dr. P. v. Braam 6/6 p.v.	TWINTIG SKOOLLIEDJIES 3/- p.v.

Bestel van
Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk.
POSBUS 28 • STELLENBOSCH

Die Russiese Kolos Beweeg!

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Meer as die Volk

Elders in hierdie uitgawe publiseer ons 'n verklaring van genl. Smuts waarin hy meedeel dat die aanbevelings van die Gesondheidskommissie vir die skepping van 'n nasionale gesondheidsdiens nie uitgevoer kan word nie omdat die regering die handhawing van die grondwet voorstaan waarin die regte van die provinsiale rade gewaarborg word. Hierdie stelling kom kortliks daarop neer dat die gesondheid van die volk opgeoffer word aan die bestaan van kunsmatig ingestelde provinsiale rade net soos die behuising van die volk opgeoffer word aan die bestaan van munisipaliteite en die onderwys van die kinders aan die bestaan van politieke partye — wat die gees van die onderwys bepaal met die oog op die stemmoontlikhede van die opgroeiende jeug. Hierdie stelling rus op die onvolkse grondslag van die demokrasie wat nooit die volk as geheel kan sien nie, maar hom blind staar op die enkeling, en die organiese volk kan opbreek in net soveel groepe of gebiede as wat noodsaaklik is vir die manipulasie van die politieke mag.

As produk van die Britse veroweringspolitiek sit ons vandag met 'n provinsiale stelsel wat nie net die eenheid van die volk versnipper nie, maar ook die deeglike toepassing van volksorgaanmaatreëls in die wiede ry. Hierdie versnippering het geen natuurlike grondslag nie, maar is willekeurige skepping van die Suid-Afrikaanse grondwetmakers. Die grondwet-gedagte is een van die uitwasse van die demokratiese denkrigting wat die staat sien as 'n kontrak tussen 'n versameling vrye enkelinge en die owerheid, wat alleen met die grootste eenstemmigheid gewysig kan word. En of die omstandighede van die wêreld of die betrokke samelewing oor vier of tien geslagte nog dieselfde metode van bestuur regverdig, maak geen saak nie. Wat geskrywe is, is geskrywe!

Hierteenoor stel die Volksbeweging hom op die standpunt dat die volk 'n natuurlike of organiese eenheid is wat groei en ontwikkel, en nie 'n versameling enkelinge soos die stene van 'n huis nie. Hierdie volk wortel op sekere vaste beginsels, en dit is hoofsaak — nie die kunsmatige vorme en bepaling van 'n gemaakte wet nie. Op hierdie beginsels moet die staat hom ontwikkel en aanpas by die verastes van die tyd. Daarom staan die Ossewabrandwag ook 'n eenheidsbestuur voor vir die hele land met afskaffing van sowel die provinsiale as munisipale stelsels wat alle volksaksie verlam en versnipper. Neem by voorbeeld die behuisingvraagstuk. Nadat die regering meer as 'n jaar gelede 'n skema vir die bou van tienduizende huise aangekondig het, is daar na 'n jaar op die sewende vergadering tussen die regering en die munisipaliteite eers eenstemmigheid bereik oor wie die koste vir die huise moet dra! En nou moet ons verneem dat die provinsiale rade gehandhaaf moet word ten koste van die volk se gesondheid.

Natuurlik sal geen van die politieke partye dit waag om afskaffing van die provinsiale stelsel te bepleit nie, want daarmee sal 'n tweehonderd baantjies vir party-organiseerders na die maan wees. En buitendien het die provinsiale rade gedien as die politieke kleuterskool vir die partye waar hulle die opkomende politici kon touwys maak vir toekomstige gebruik in die parlement, net soos die senaat as politieke oumanne-tehuis gebruik is waarheen verslaande L.V.'s afgepensioneer kon word. As nuttige opvoedings- en ontspanningsterrein vir die politici, sal hierdie volkskadetlike oudhede bly voortbestaan totdat ook hulle saam met alle ander skadelike instellings deur die Volksbeweging weggeruim word.

DS. SCHUTTE VERKEERD GERAPORTEER

Ds. J. A. Schutte, die spreker na wie genl. Smith in sy toespraak verwys het, verklaar dat hy in sy reële nie korrek weergegee is deur die dagbladders nie in soverre dat die woord „staatsideologie” nie deur hom gesig is nie — allermins in die verband soos in die pers gestel.

In ons laaste artikel is gewys op die toenemende magsuitbreiding van Sowjet-Rusland na die weste ten koste van staatjies soos Finland, Letland, Estland, Litouë, Roemenië, Bulgarye, Pole en andere wat nog gaan volg. Al hierdie staatjies was eenmaal eervolle lede van die Geneefse Volkebond toe Rusland nie in Londen en Parys fatsoenlik genoeg geag is om lid van hierdie liggaam te wees nie. Daar is ook op gewys hoe diep die Britse waarborge van 1939 aan die Pole en die vier demokratiese vryhede soos o.m. die selfbeskikkingsreg van volke in die Atlantic Charter onder die berg van toegewings aan die Kremlin begrawe is. Sedertdien het die Britse Eerste Minister weereens een van sy baie besoeke aan die buiteland afgeleë. Hierdie keer is dit weer Moskou. Nog nooit in sy lang geskiedenis van oorloë en krisisse was die sentrum van die Britse Wêreldryk so min van 'n internasionale rendez-vous as vandag nie; nog nooit het 'n Britse premier so dikwels in die buiteland beraadslaag as die heer Churchill nie.

Kort na die Britse Eerste Minister in Moskou aangekom het, het ook Mikolajczyk, die premier van die Poolse vlugteling-regering in Londen besoek aan die Kremlin afgeleë. Dit is dus meer as waarskynlik dat die besoek van premier Churchill in Moskou o.m. ook in verband met die netelige Poolse vraagstuk staan. As Roosevelt egter in Washington verklaar dat hy glad nie weet of hy Stalin vanjaar nog sal ontmoet nie en die vraag of Churchill in Moskou namens Brittanje en die Verenigde State praat, „as gek” bestempel, dan het die Pole in Londen nuwe redes om te wanhoop. Hierdie Poolse wanhoop en nuwe Britse toegewings aan Moskou vind bevestiging in 'n Sapa-Unit-ed Press-berig uit Rio de Janeiro. Hiervolgens het die Brasiliaanse regering magtiging verleen aan alle lede van die Poolse regering in Londen en hul gesinne om hulle in Brasilië te vestig. Ook is dit bekend, aldus die berig, dat daar verlede maand 40 aansoeke van lede van die Poolse regering was om na Brasilië te verhuis. Genl. Sosnkowski, die nasionalistiese Poolse opperbevelhebber in Londen wat onlangs afgedank is, waarskynlik op druk uit Moskou, sou reeds 'n landgoed in hierdie land gekoop het. As hierdie berigte uit Washington en Rio de Janeiro op feite berus, dan moet die wêreld hom gereed maak vir verdere Brits-Amerikaanse toegewings aan die Kremlin ten koste van die Londense Pole.

Die Balkan en Middellandse See.

Die styging van Russiese invloed is egter nie beperk tot Pole en ander Europese state op wie se bodem die Rooi leërs vandag staan nie. Reeds in Julie van hierdie jaar het die Britse weekblad „Review of World Affairs” daarop gewys dat die Kremlin se buitelandse beleid aktief is. Met bekwaamheid en energie sou Rusland besig wees om sy invloed in die Middellandse See, veral in Noord-Afrika, Abessinië en Persië te versterk. Rusland sou besig wees om 'n ketting van „invloedsfere” te skep. Die Britse blad voorspel dat hierdie ketting eendag sal bestaan uit Rusland, Persië, Turkeje, Abessinië en 'n deel van Noord-Afrika. Die politieke reaksies teen hierdie ontwikkeling in Spanje, Frankryk en Italië kan volgens die blad nog nie voorsien word nie. Hy kon gerus ook die Verenigde State van Amerika en Brittanje ingesluit het in hierdie lys.

Sedert Julie van hierdie jaar het daar groot magsverskuiwings in Europa plaasgevind. Een hiervan is die nuwe Russiese voormagstelling op die Balkan. Met die Rooi leër in Roemenië, Bulgarye, Suid-Slawië en Hongarye, en eersdaags miskien ook in Griekenland, het die Kremlin vandag geslaag waar die Tsaaristiese imperialisme van ouds altyd gefaal het. Die Russe staan vandag voor die Dardanelle en gevaarlik naby die ooskus van die Middellandse see. Alleen dwase in Washington en Londen sal in hierdie Russiese magsontwikkeling in westelike rigting geen werklike en potensieële gevare, nie alleen vir Europa nie maar ook vir Angel-Saksiese

belange in die Middellandse see en in die Middellandse Ooste, sien nie.

Die Middellandse Ooste.

Die Middellandse Ooste is sonder twyfel een van die belangrikste dele van die wêreld. Hierdie gebied is strategies uiters belangrik: drie wêrelddele, Asië, Europa en Afrika ontmoet mekaar hier en uiters gewichtige verkeersweë soos die Suezkanaal en die spoorweë en landweë wat die Persiese golf met Rusland en Turkeje verbind, word hier aangetref. Nie alleen is hierdie gebied strategies uiters gewichtig omdat die hoekbaken tussen drie wêrelddele en die verkeersweë wat drie wêrelddele met mekaar verbind hier aangetref word nie, maar ook sy natuurlike rykdomme maak hom uiters belangrik. Dit is veral sy olie rykdomme wat bygedra het om aan hierdie gebied internasionale betekenis te gee.

Op die oomblik is dit veral die drie groot magte en bondgenote nl. die Verenigde State, Brittanje en Rusland wat aanspraak op die olierykdomme van die Middellandse Ooste maak. Die Amerikaners het deur die „almagtige” dollar daarin geslaag om groot olierykdomme nie alleen in Persië nie, maar ook in Arabië in besit te kry. Volgens Amerikaanse geoloë sou die olie-industrie van Arabië ontsaglike vooruitsigte bied en sou die oliereserwe van hierdie land sover nou bekend reeds groter wees as die totale oliereserwe van die Verenigde State self. Die Britte het reeds sedert lang aansienlike belange in die olierykdomme van Irak en van Persië (Iran) al sou sommige hiervan gedurende die oorlog in Amerikaanse besit gekom het. Vandag maak ook die Russe aanspraak op 'n deel van die oliereserwes van Persië. Die Rooi leër staan reeds in die noordelike provinsies van Persië. Die militêre weë wat die Angel-Saksers in hierdie land aangelê het om die Russe van oorlogsvoorrade te voorsien, kan moontlik een dag deur die Russe vir ander doeleindes aangewend word. Die Middellandse Ooste met sy Amerikaners, Britte, Russe, Arabiere en Jode, met sy olierykdomme en sy strategiese belangrikheid word al meer en meer 'n potensieële wespones waar veral die Russe waarskynlik nog meer van hulle sal laat hoor.

BOODSKAP UIT KAMP

Ons kamerade in die konsentrasiekamp skryf as volg: „Ons glo ook onwrikbaar aan ons oorwinning in ons eie vaderland. Ons glo ook dat die O.B. as organisasie vir ons daardie oorwinning en vryheid gaan kry. Ons het volle vertroue in ons geliefde K.G., dr. J. F. J. van Rensburg. Mag die Almagtige God van ons vaders, hom sterk en bewaar, hom lei sodat hy ons kan lei tot die eindoorwinning. Ons is nog steeds bereid om te offer wat ons vaderland vra.

WYLE KOMDT. DU TOIT

Op 18 September 11. het Porterville sy kommandant verloor by die heengaan van wyle komdt. J. A. du Toit. Hy was baie getrou en het hom energie vir die Beweging beywer. By geleentheid van die verjaardagviering te Paarl het die groot vergadering sy nagedagtenis in dankbare herinnering gebring deur vir enkele oomblikke op te staan.

Wyle komdt. Du Toit was lid van die stadsraad en 'n direkteur van die Verenigde Meulenaars.

PLUNDERING VAN VEE VIR OORLOG

Voor sy kongres in Johannesburg verlede week het die Minister van Landbou, mnr. J. G. N. Strauss, die tekort aan vleis in ons land op die volgende wyse probeer verduidelik: „In 1942 en 1943 is 300,000 beeste vir militêre gebruik gelewer. In die eerste vier jaar van die oorlog is 'n jaar se beeste ekstra en nege maande se skape ekstra geslag.”

Kort tevore het die Minister gewaarsku dat daar nie te veel op vleis verskaffing aangedring moet word nie aangesien die beeskuddes tot so 'n mate uitgedun is dat boere nou hul jong vee sal moet bemark. Ook die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het onlangs op Porterville verklaar dat die boere eenvoudig nie bemerkbare vee het nie. Nogtans word duisende beeste en skape ekstra geslag vir oorlogsdoeleindes!

PLAAS TE KOOP

Goelie Karooplaas ongeveer 750 morg. Vaste water om 100 morg te besproei. Elendom verdeel in kamp met windpompe. Woonhuis van 8 vertrekke, elektris verlig en telefonies verbind. Vir besonderhede doen aansoek by:

VOLKSKAS, CRADOCK.

R.D.B., CERES.

Reddingsdaad-Dag, 28 Okt.

1944.

2.30 n.m.: Opening Basaar ons.

6 n.m.: Braaivleis ens.

7.30 n.m.: Toespraak:

Dr. M. S. Louw.

Daarna: Volkspede ens.

ALMAL WELKOM.

Die Nuwe Afrikaanse Klankprent

DONKER SPORE

van C. J. LANGENHOVEN

word vertoon deur VOB! op:

BOTRIVIER	14 OKTOBER
GRABOUW	16 OKTOBER
FRANSCHHOEK	17 OKTOBER
STELLENBOSCH	18 OKTOBER
RAWSONVILLE	19 OKTOBER
CALEDON	20 OKTOBER
CERES	21 OKTOBER
KAAPSTAD (Hofmeyersaal)	22 tot 28 OKTOBER
VREDENBURG	30 OKTOBER
VELDRIFT	31 OKTOBER

VERGADERING

DIE

Kommandant-Generaal

(Dr. J. F. J. van Rensburg)

SPREEK 'N VERGADERING TOE

te

LADY GREY

op

24 OKTOBER

om 7.30 nm.

Brandwagte en offisiere van omliggende kommando's word hartlik uitgenooi. Besonderhede word plaaslik gereël.

KERSFEESKAARTJIES

Kersfees en Nuwejaar kom! Bestel nou!

Pragtigste versameling ooit aangebied.

Prys 6/- per dosyn posvry.

Kontant by bestelling.

Alleen die Boerejeug-hoofkwartier is vanjaar deur die Organisasieleier gemagtig om kerskaartjies te versprei.

Bestel regstreeks deur

Die Boerejeug, Posbus 5754, Spoorbondgebou, JOHANNESBURG.

Volksbeweging - Vorm Tuiste Vir Alle Afrikaners

Geen Party — of Klassegrense Binne O.B.

Gebiedsleier, Tos Pienaar, van Natal, het Saterdag, 30 September, 'n baie gesedertige vergadering in die stampvolle Kerkzaal van Mayfair-Wes toegespeek. Hoofgenl. Gerrie Puren, in bevel van die Witwatersrandse generaalskappe, was in die stoel.

Oorspronklik sou die Adjuuk-K.G., genl. J. A. Smith, opgetree het maar op advies van sy geneesheer moes hy die voorneme prysgee. 'n Boodskap van hom is deur genl. Grobler aan die gehoor voorgelees. Genl. Pienaar wat die Grootraad-sitting bygewoon het, het opdrag gekry om die vergadering toe te spreek.

Ongeveer 400 tree vanaf die buitehek het die orkes van die Boerejeug, onder leiding van komdt. Kapp, die Gebiedsleier en sy geselskap ingewag en hom onder verrukkende marsmaat van tamboer en trompet begelei tot by die hek vanwaar hy deur wagkolonel Richter tussen twee linies van die Wag deur na die verhoor geleë is.

Terwyl die groot gehoor op aandag gestaan het, het lede van die Boerejeug op 'n puik en gedissiplineerde wyse die republikeinse vlag gehys. Komdt. Claassens het die seën van die Allerhoogste op die verrigtinge afgesmeek.

Die boodskap van genl. Smith het as volg geluid:

Dit spyt my baie innig dat ek nie aanwesig kan wees nie. Ek wil egter, en as ek kan, kom ek een van die dae.

In 1914 het die wêreld teen Duitsland en ons hier geveg. Manne soos De Wet en Beyers, is in tronke gestop, mishandel, verwens, uitgeskel—ook deur mede-Afrikaners. Groter was die vervolging en stryd teen die Rebelle. Dit was hul skeldnaam. Dis nou 'n orenaa! Duitsland het toe verloor—die Rebelle ook. Dit was tydelik. In 1924 staan die gees van die Rebelle aan bewind. Die O.B., nou uitgeskel as rampokkers, gaan ook wen. Hulle gaan die volk bevry, ongeag wat in Europa of elders gebeur, ten spyte van die vervolging en haat van die Malans, die Strydoms en hul bondgenote wat jul kamerade in die tronk gooi.

Die O.B. ken net mede-Afrikaners as broers, nie as vyande nie omdat die O.B. nie 'n party, maar 'n Volksbeweging is—die Afrikanertent waarin alle Afrikaners, alle unies, alle partikuliere organisasies skuiling en tuiste kan vind. Die O.B. ken geen uitskop-beleid nie, hy ken net die broederhand- en broederhart-beleid. Daarom gaan hy wen. Daarom gaan die volk binne die allesomsluitende Volksbeweging verenig. Hy sluit nie uit nie. Hy sluit net in.

Alle voorspoed! Alle seën! Heil die O.R.! Heil sy K.G.!

GENL. PIENAAR

„Die feit dat ek, as plattelandse boer, vanaand voor 'n stedelike werkersgehoor mag optree, en die hartlikheid waarmee u my ontvang, is vir my 'n sekere teken van die toenemende proses van eenwording van die Afrikanerdom. En onthou, die Volksbeweging het vir ons saamgegooi—vir die eerste keer in die geskiedenis van ons volk,” het genl. Pienaar sy toespraak aangevang.

Aan u, wat stedelike werkers is, en wat in die verlede alleen gestaan het in u stryd teen kapitalisme—aan u sê ek, dat die boer vandag saam met u staan, as plattelandse werker in belang van ons volk. Die boere op die platteland se oë gaan oop. Ons besef vandag dat ons net een vriend het, en dit is die man in die stad—die verbruiker. Ons moet van hom leef, net soos hy van ons moet leef.

Voortaan gaan die plattelander en die stedeling saamstry. Waar die stedeling vroeër soms die stryd teen die kapitalistiese uitbouter moes staak weens gebrek aan kos, daar sal die boer vandag sorg vir kos, sodat die stedeling sy stryd teen kapitalisme nooit in der ewigheid hoof gewonne te gee nie. (Uitbundige toejuiging.) Hierdie samewerking kan alleen verkry word binne die Volksbeweging, omdat in die O.B. geen snobistiese klassekloof bestaan nie, maar uitsluitlik net die kameradskap van 'n lots-gemeenskap. (Verdere toejuiging.)

UITGELEWER

Die partyese dra by tot groepvorming, en lewer die volk uit aan die

genade van magtige klike. In die parlementêre demokrasie waarin die partyese opereer, is kapitaal juis die magsfaktor en moet hierdie magtige klike agter die skerms juis bestaan uit kapitalisme. Hoe internasionaler so 'n kapitalistiese klike se vertakkinge hoe magtiger is hy.

Nou vra ek u, as dié partyese juis die skerm is waaragter hierdie „swart hand” sy knoeiwerk verrig, hoe op aarde kan enige partyegering dan ooit in staat wees om hierdie kapitalistiese konkelwerk aan die kaak te stel en uit te roei? Nee, veelmeer moet ons onder magtelose partyegerings elke tien jaar depressies verwag, en elke twintig jaar 'n oorlog!

Ek glo in die O.B., die Afrikaanse Volksbeweging, want dit is vir my 'n lewensbeskouing, wat alle vertakkinge van die volkslewe dek. Ek glo dat alles wat in ons geskiedenis gebeur het sedert die volksplanting aan die Kaap, in die Ossewabrandwag uitmond. Hierdie Volksbeweging is vir my die volledige ontplooiing van ons volkswording. In die O.B. is die Afrikanervolk—as Godsgedagte—natuurlik en organies één.

Ek wil my mede-Afrikaner waarsku dat daar 'n rewolusie kom. Die land wat ons voorvaders veilig gemaak het, is nie meer veilig nie. Ek verwag van my O.B. om ons volk voor te berei en te lei, om die erfenis van ons vaders te vat. Dit maak nie saak hoe en met watter wapen nie, maar ons moet hom vat... buig of bars. (Toejuiging.) En ons sal vat wat ons eie is, want 'n volk wat in tye van krisis sy helde oplever, kan nooit sterf of verloor nie! (Toej.)

Die gees van die O.B. is nuut en jonk en onverwinklik. Ek noem u 'n paar kenterings van die gees wat elkeen van ons as brandwagte ondergaan het. Ons het weggekrom van die liberalistiese individualisme, en vandag neem ons die swakkere broer se hand, en help hom oor die klippe van die lewe. Ons het vir goed gebreek met party-politieke verdeeldheid en ons sien vandag in geen enkele mede-Afrikaner 'n vyand nie. Ons het die strydslus van ons voorvaders herwin, en ons gevoel deesdae geen slaafse onderdoringheid aan wette wat onregverdig is nie.

Van alle Afrikaner-organisasies is daar nie een wat so gehaat word soos die O.B. nie, maar waaragtig ook nie een wat so gerespekteer word nie. En geen wonder nie, vir my is die O.B. die verpersoonliking van die lewende, bewegende volk. Sy mag is so dinamies sterk, dat hy noodgedwonge in beweging moet bly tot die eindoorwinning behaal is. Ek glo dit en... geloof is oorwinning.” (Langdurige toejuiging en hulde.)

HOOFKWARTIER HELP

Komdt. J. H. Fouche van Britton deel mee dat hy onlangs 'n besoek aan Johannesburg gebring het om vir sy trekker 'n onderdeel te kry. Deur middel van die Gebiedshoofkwartier het hy baie gou die werk deur een van die beste werktuigkundiges gedaan gekry. Dit het die gedagte by hom laat ontstaan of die gebiedskantore nie 'n inligtings- en diensburo kan stig nie. Hoewel die hoofkwartiere nie spesialiseer in hierdie opsig nie, word talle lede van elders sover moontlik deur hulle gehelp wanneer hulle om raad kom aanklop. Dit is deel van die O.B.-gees.

ROMMELVERWERKING:

● Gebruik motorbinnebande vir rek; die punte moet aanmekaar vasgebind en nie gewerk word nie.

VERBAAS TOE DUITSER HOM NIE SKIET

Skandelige Misleiding van Demokratiese Volke

In 'n boekie waarin 'n Suid-Afrikaanse krygsgevangene, N. I. Robinson, sy wedervaringe meedeel, verskyn die volgende interessante brokkie wat blyke gee van die verregaande misleiding waaraan die bevolking van die demokratiese lande onderhevig was:

„Dit mag slegte propaganda wees, maar dit is nietemin waar om te sê dat die Duitse Afrika-korps, wat ons krygsgevangene geneem het, ons behoorlik—selfs goed behandel het. U mag dit moeilik vind om hierdie feit te versoen met 'n ingewortelde geloof dat die Duitsers wreed en meedoënloos is. Ons ook. Niks kon ons meer verbaas het as om goed behandel te word deur hulle nie.”

Hy gee 'n beskrywing van hoe hulle gevangeneem is en verklaar: „Ek was feitlik styl van die skrik. Dit het gevoel of ek gaan siek word, maar ek was selfs te verward om dit te doen. As hierdie mannetjie 'n Duitser is en ek 'n krygsgevangene, waarom speel hy nie sy rol behoorlik en gedra hom soos die skurk wat ek van hom verwag nie? Dit was een van daardie soort toestande wat die verstand nie wil beetpak nie. Hy het my aangesê om oor te stap na 'n groep van my eenheid wat in 'n ry gestaan het met hul hande opgesteek. Voor hulle het 'n ander Duitser op en af gepronk met 'n outomatiese geweer. Hy het meer bekwaam gelyk. Hy was groter, skoner en het 'n woester voorkoms gehad. Sy geweer was groter.

Dan is dit die plan, het ek gedink. Stel ons in 'n ry op en skiet ons op 'n hoop dood. Ek het daarvan tevore gehoor. Ek het gewonder waarom ek sal dink, maar my gedagtes wou nie vorm neem nie. Ek het nog steeds gevoel of alles 'n kolossale fout is. Dit het gelyk of die Duitser met die outomatiese geweer wag dat almal moet opdaag. Ek wens hy wou klaar kry. Toe begin hy na ons toe te stap. Dit, het ek gevoel, was die einde. My verstand het teen lae versnelling gewerk. Dit was nie voor 'n paar sekonde later nie dat ek besef het wat hy gedoen het. In plaas van te skiet het hy geglimlag en gesê: „Julle is Australiërs?”

Iemand het gesê: „Nee”.

„Julle is Engels?”

Iemand anders het gesê: „Nee, Suid-Afrikaans”.

„Ha”, het hy gesê, julle is vir dr. Smuts, nie vir dr. Hertzog nie. Toe laat hy swaar daarop volg: „Julle het ver gekom om julle wasgoed aan die Siegfried-linie op te hang! Maar vir julle, my vriende, is die oorlog oor”.

„As hy ons geskiet het, sou ek ten minste gesterf het met die gedagte dat die wêreld logies is. Maar omdat hy geglimlag en grappies gemaak het, het ek gevoel asof elke vorige gedagte van my geweld aangedoen is.”

Dit is duidelik dat wêreldvrede nooit verkry kan word solank toegelaat word dat volke op so 'n wyse teen mekaar bevooroordeel gemaak word nie. Dit is egter die produk van die demokratiese vryhede wat elke beswadderaar ongehinderd toelaat om die gees van volke te verpes met leuens teen mekaar. Net soos die vrye pers in ons land toegelaat word om die vrede tussen volksgenote te versteur, so ook word die vrede tussen volke sonder grond vernietig.

Met hierdie misleiding hoop die demokratiese maghebbers om Duitsland te vernietig. Die demokratiese volke sal egter na so 'n oorwinning net so ru ontnugter word as hierdie een lid van hulle op die slagveld. Dit sal dan wees dat die volke die stelsel van hulle sal afwerp wat van hulle die speelbal van maghebbende groepe maak.

ROMMELVERWERKING

● Gordynringe omgehekel en aanmeekaargest maak 'n baie mooi lyfband.

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

DEFTIGE

SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by

Steyns

Parow se Moderne

DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

MEUBELS

REYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT
MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210.

Foon 2-6808.

SLUIT AAN BY

Waterberg Begrafnis Genootskap

wat skakel en verseker is by

SAFFAS
BPK.

EN VERGEET BEGRAFNIS-
KOMMER.

In Waterberg- en Potgietersrust-
distrikte is 'n Tak binne u bereik.


Kom sien my of skryf aan:

C. J. MARAIS,


Bus 65,

NYLSTROOM.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS



NBEM TOE IN
POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WERELD

Kommando
-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

Geklassifiseerde Advertensies**GEBOORTE**

Fourie. — Aan Korp. en Korple. T. T. Fourie, Stutterheim 'n lief fris O.B.-dogter op 3 Oktober. Naas God, dank aan dokter en verpleegster.

VERLOWING

VAN DEN HEEVER—TERBLANCHE: Hiermee wens ons twee, Lettie, Tweede dogter van mnr. en mev. D. J. J. Terblanche, Tussenkoms, Gans Kuil, en Andries, oudste seun van mnr. en mev. C. T. van den Heever, Tweefontein, Heilbron, aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons op 29 Sept. verloof geraak het.

IN MEMORIAM

PIENAAR. — Kan ons ooit 22 Oktober 1943 vergeet, toe ons van jou, Jacobus Dormehl, ons enigste liefing moes afskeid neem? Waar jy die 17de Oktober jou eerste verjaardag in die Hemel saam met die engelities vier, lê ons maar net 'n kranse deurvlieg met liefde en verlange op jou graf. Tot weersiens liefing. Jou verlangende Pappie en Mammie. **Kowle en Nellie Pienaar, Stolshoek, Beaufort-Wes.**

BAARD. — Met diepe heimwee dink ons terug aan 18 Okt. 1943, toe die dood so wreed en onverwags ons liefingseun, Kosie, van ons harte geskeur het, deur 'n vlieguiting ongeluk in Engeland. Jou son het ondergegaan terwyl dit nog dag was, maar jy het ons slegs vooruitgegaan.

Liewe pappa moenie treur nie, moenie langer oor my ween; Moedertjie droeg jou trane, weet jy waar is jou Kosie heen? Kom pappa, mamma, sussies, boeties, ek wag vir jul. Swyg dit was die Heer se wil. Jou steeds verlangende Ouers, Boeties, Sussies en swaar.

SIMPATIEBETUIGING

Die Mannekommando van Bellville wens hul megevoel te betuig aan brandwag P. van Niekerk en sy eggenote van Viissershok, Milnerton, met die afsterwe van hul moeder.

DANKBETUIGING

VAN DEN BERGH. — Ek wens alle O.B.-vriende hartlik te bedank vir liefde en belangstelling gedurende my lang siekbed. Ek is weer heeltemal gezond. Veldkta. A. J. v. d. Berg, Bothaville.

GROETE

PIETIE VAN EEDEN dit gaan met ons almal goed. Neta is dikwels by ons. Salome en Boet leer mooi. Wees sterk en vertrou op die Here. Nannie.

PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotografe nie! Kunstwerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiofoto's. Barblangebou, Presidentstraat, Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6766.

DAMES en Here Haarkapper. Permanente naargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.

EXCELSIOR HAARSNIJERS SALON. Sewe Haarsniyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. Volkasgebou, Marktstraat 76, Johannesburg. Elenaar J. J. Boshoff.

HOE DRYWE U? — Drywe u soos 'n voorhammer of soos 'n kurkprop? Diegene was soos 'n kurkprop drywe kan nie verweg om anders as tussen die adfrsels te beland nie. Vra die Akademie vir Selfstudie, Posbus 534, Pretoria, vir sy gratis brosjure oor „Persoonlike Magnetiese en Selfverbetering” — reeds by sommige bekend vir sy metodes wat dinamiese dryfkrag ontwikkel.

JONG Afrikaner soek vennootskap in belovende besigheid. Verstrek besonderhede van besigheid, kapitaal verlang ens., aan „Adverteerder,” Posbus 3262, Johannesburg.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, plumvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentekap. Breestraat 109, Newton.

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodigdes. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal lyf, afreien van hoe ernstig dit is, en of dit tot sterfte aan ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en versrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heilkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. „THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE”, Posbus 1336, Kaapstad.

POPULERE RESTAURANT: Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

Uitgerek deur Voorslag (Edms.) Bepker, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

BETREKKING VAKANT

APPLIKASIES word gevra en moet 30 Oktober in wees, vir 'n blanke onderwyseres, vir twee kinders Std. I en Sub. A.; Regeringsleerplan; sluit kieke in en meld kwalifikasies, ouderdom en salaris. J. J. Swanepoel, Daspoot, P.K. Nevada, oor Bloemfontein.

BENODIG twee jong seuns vir plaashulp. Skrywe met volle besonderhede, salaris ens. aan A. J. Strydom, Zouzlicht, Ventersburg.

BENODIG 'n meisie 19 jaar en ouer as leerling-verpleegster. Salaris f5 per maand en vry inwooning en kos vir die eerste ses maande. Daarna f6 per maand met vry inwooning en kos. Matrone Auckland Park Verpleeginrigting, Waltonlaan 13, Auckland Park, Johannesburg.

TE KOOP GEVRA

EEN ligte tweedehandse padskrapeer vir vore-trek in lande. Meld prys en besonderhede aan M. D. Maartens, Jnr. Paardefontein, Cedarville.

PLOT van 5 tot 10 morg in Louis Trichardt. Tree in verbinding met J. Els, Nababeep, Namakwaland.

TE HUUR

WINSGEWENDE onderneming te huur. Enigste Kafee met woonhuis te huur, Wilhelton vanaf 1 Jan. 1945. Vir verdere besonderhede skrywe aan M. Kuhn, Hostel, Nuwerus.

TE KOOP

ANGELIERPLANTE. Tentoonstellingsoorde; Pioneer en Regina, f1-5-0 per 100, f8-10-0 per 1000, vry gelewer. Vyf verskillende soorte, 7/6 per dosyn posvry. 10% van winste is vir die Noodhulpfonds. — J. H. Roodt, Louis Trichardt.

BESTEL dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1000 Australors. 1.000 Leghorns en 1.000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys f5 per 100. Voortuibaarbaa of K.B.A. H. R. Mahan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.

BULLE. — Goedgekeurde Afrikaner-bulle van 16 maande tot twee jaar altyd beskikbaar. Prys blik. Kuddes twee doel, moeders goele melkgeërs. Vir verdere besonderhede doen navraag by J. J. Pretorius en Seun, Marlow, P.S. Wolram, Vryburg.

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwaë. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15/- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. J. J. Splas, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudshoorn.

DEKRIET. — Beroemde Albertina en Riversdal dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertina. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertina.

EEN A.J.S.-motorfiets, gellsensieer; 2 3/4 p.k.; een band nog nuut en een nog nie geslyt. Vir verdere besonderhede skryf aan M. D. Maartens, Paardefontein, Cedarville.

EEN biljart-tafel „Thurstons perfect low cushions”; 25 balle en biljartstokke. Die kussings en kleedjys is sleg maar anders in goele orde. Prys f130 gepak op plaas. A. J. Viljoen, Bloenhof, Richmond, K.P.

EEN stel Paul Kruger-munstukke; ook verskillende van 1d. tot f1. Al die munstukke is splinternuut en baie seldsaam. Prys f20. J. C. Roos, Posbus 92, Winburg.

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike prys. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. Springbok-Meubels, Spenceerweg 18, Sout Rivier.

MOTORKAR. — 1938 Hudson P82 kooppe met 6 goeie bande. Goed opgepas, gereed nagesien. Mylafstand net 23.000. Elke pennie van sy maksimum prys van f306 werd. Sal hoogste aanbod f250 neem. 2 3/4% kommissie aan Noodhulpfonds. Aanbod oop vir 10 dae. Posbus 24, Carolina.

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 4/6 per ton, gelewer Unie-stasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen gelliek en haarswurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laastasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kaap Mistowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220 Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

O, dit is „Cool Grip” Komkommersaad; 17/- per pond, 9/- halfpond. Chantaney en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.

BETSAAID, Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. J. J. Splas, Oudshoorn Premier Saadkweker, „Rus-en-Vrede,” P.K. Schoemanshoek, Oudshoorn.

PATATRANKE. — 6 maande; spesiaal gegroei vir plant teen 7/- per sak. Meld u stasie. S. P. Gerber, P/s. Serpentine, Dist. George.

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkde hoeveelhede Wanganelia ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstekende kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtyd. Prys vanaf f5 vir kudde. J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.

O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende bydrae is van die geblede ontvang vir die periode
25 AUGUSTUS TOT 25 SEPTEMBER 1944.

Gebied „B”

Motorossies, Cradock 12/6; Mev. B. du Plessis, Somerset Oos 10/-; Generaalskap B5 18/-; Kom. B: 6c1 f3-4-6, 6c2 f2-10-3, 6c3 17/-, 6c6 f2-13-6, 6c7 f1-5-9; Jeugkomdt. J. Badenhorst 3/-; Mnr. en Mev. v. d. Vyver, Somerset Oos f6; Kommando B5b8, Woekergeld f5-12-0. Totaal: f24-6-6.

Gebied „C”

Kom. C: 2a2 en 2a7 f2-1-6; 2a3 en 2a8 f1-10-0; 2b1 f1-12-6; 4a7 f6; 5d6 f3-7-6; 6a2 f1; 7a3 en 7a8 f16-13-0; 7b f19-16-0; 7c7 f2-2-3; 7d8 f3; 8b6 f1-2-6; 6d6 f1; 8d1 f1-10-0; 8e6 f10; 9a1 en 9a7 f3-13-0; 9c3 en 9c8 f8; 10a7 f2-15-6; 10b6 15/-; Hoofkwartier Staf 7/6; Vriende, Vrede f1-2-6. Totaal: f87-8-9.

Gebied „E”

Kom. E: 8a1 f2-10-0; 10c7 f3; 6c7 f5-12-3; 1a7 f3-10-6; Bydrae f13-3-1; 2b2 f2; 2a1 f2-19-6; 2a2 f5-5-8; 9c6 f4-14-6; 2a8 f1-10-0; 7b3 f14; 2a7 f6-15-0; Bydrae f5-5-0; 1c8 f2-8-9; 1c3 f2-8-9; 9a7 f9-13-0; 4c7 f3-9-6; 8a7 f4-7-6; 3 f3-13-7; 3c7 1/6; 4b6 f1-12-0; 6b7 f3-3-6; 3a3 f5-17-2; 3a8 f5-18-9; 3c4 f2-10-6; 3c8 f2-3-6; 7c6 f20; 10c8 f17-15-0; 8b1 f32-5-0; 2a3 f4-4-9; 6 f10; 6a1 f33; 6a2 f57; 6a3 f20; 6b4 f30; 6b2 f25; 6b7 f10; 6b3 f5; 6b6 f10; 6b1 f30; 6b8 f10-1-0; 6c1 f25; 6c2 f20; 6c3 f15; 5a8 f4/6; 4c8 f5-7-6; 2a2 f5-18-5; 3c6 f2-9-6; 6c6 f3-17-0; 6b2 f1-16-6. Totaal: f501-12-8.

Gebied „F”

Kom. F: 1a6 f4-5-6; 2a1 f3-10-6; 2b3 f1-3-0; 2b7 f2-10-3; 3c f2-10-0; C. L. Badenhorst f1-1-0; 4a2 f1-4-6; 4a7 f1-1-0; 4b3 f2-12-6; 4b4 f15-4-6; 4b7 f1-0-6; 4c1 f2-4-6; 4c6 f33-6-9; 5a3 f1-10-0; 5a8 f4-7-6; 5b2 f3; Mnr. J. F. v. Rensburg f10-10-0; Mev. Anderson 5/-; Ackermans Garage (krans Dr. G. v. d. Merwe) f1-1-0; D. Hertzog (krans Dr. G. v. d. Merwe) f1-1-0; R. Myburg f1-1-0; F6b6 f2-6-6. Totaal f98-3-6.

BOEREJEU.

Bydrae vanaf 26 AUG. tot 25 SEPT. 1944.

Gebied „B”

JB6a7 2/-; JB3a2 10/-; Alwyn Bester en maats, P.E. 17/-; JB1c1 en c6 10/-. Totaal: f1-19-0.

Gebied „E”

JE3 1/6; JE2a7 6/-; JE 14/6; JE8c7 f5; JE3 f1; JE2a7 10/-; JE2a7 5/3; JE5c2 10/-; JE f20-3-6. Totaal: f28-10-9.

Gebied „F”

Ludu Stevens 12/-; JF1b7 f8-10-0; JF6a1 12/6; JF6d1 f3. Totaal: f12-14-6.

● Maak stryksterstaanders van harde draad met patroondoppies vir pote.

BENODIG

FLUKSE boer soek 'n goeie plaas geskik vir skaap en bees, te huur. Vir verdere besonderhede skrywe aan S. J. du Preez, Gwerna, Humansdorp.

TE KOOP

SESMAANDE Patatranke 5/6 per sak, gelewer Kleinbrak. K.M.B. A. F. de Villers, Pos Brandwacht, Mosselbaai.

SPEELSKIE. — Bottelskele teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.

SPINWIELE. — Met „winder” f6-10-0, sonder „winder” f5-10-0. K.B.A. T. B. Nester, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo. Kombuis- en handwasbakke, baddens, septeise tenks, pilare, vloerteëls, voertroue. Enig tets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden. Potzletterstraat 258, Pretoria.

WYNE

5 GELLING Muskadel-ikeur f2-12-6; anker f3-17-6. 5 gelling Roof of Wit Muskadel Jerpligo of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0; 5 gelling Roof Soet Muskadel f2; anker f2-18-6. 5 gelling Worcester Hock Soet Sterrie of Half-soet Muskadel f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

HERHOLD se BOOMKWEKERIE JOHANNESBURG

KRISANTE — Oktober-November planttyd. Ons „DONOU” Versameling, glorieryke kleursakering, uitstaande pragsoorde, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.

Ons „OPERA” Versameling, — reuse van die vertoofafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.

Ons „LUUKSE” Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.

Ons „TUIN” Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/8 vir 6.

AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, plenk, roof, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte. Kontant met bestelling. Sterstrukte, Sterbome, Heiningbome, Rose in blikke.

VERJAARDAGKETING

19 Okt.: Lourens Theron, George; Chris du Toit, Paarl; Arina Erasmus, Terviel; Louie Rademeyer, Humansdorp; Davelina Prinsloo, Middelburg; M. S. Smit, Rustenburg; Johanna Roux, Magalieskraal.

20 Okt.: Anna C. Byleveld, Aughrables; Charl Cillie, Wellington; Loraine Fourie, Port Elizabeth; Johanna Hendrik Wium, Stellenbosch; Jan Walters, Loxton; Magaretha Malan, Pinelands; Willie Latsky, Carnarvon; Magiel J. le Roux, Baltimore; Betsie van Wyk, Rustenburg; Martinus Hermanus Johannes le Roux, Potchefstroom; Nikolaas Petrus Pretorius, Boshoop.

21 Okt.: Francois Albertus Smit, Merweville; Beatrix Immanuel, Sutherland; Petrus William Killan, Port Elizabeth; Jacobus van Groenen, Kirkwood; Willem van Rooyen, Wigenhousdrift; Michiel Adriaan Basson, Observatory; Henrie Malan, Wellington; Jan Smit, Loxton; Elizabeth H. Vermeulen, Fraserburg; Dorothy Williams, Rustenburg; Johanna A. E. Botha, Middelburg; George Frederik Viviers, Clocolan.

22 Okt.: Johanna Sophia Swart, Aughrables; Johannes van Eck, Beaufort-Wes; Cecilie Cilliers, Paarl; Willem Eaton, Leuokloof; Martha Louw, Aughrables; Cornelia Maria Erasmus, Schuinsdrift; Anna M. Joubert, Rietvllei; Jacoba Johanna van Dyk, Koster.

23 Okt.: Gertruida van Eck, Beaufort-Wes; Leslie van der Mescht, Port Elizabeth; Gertruida Botes, Plumstead; Hermina Rademeyer, Humansdorp; Maria Elizabeth Olivier, Witkop; Adriaan de Lange, Montagu; Chrissie Brits, Rustenburg.

24 Okt.: Mielie Steyn, Stellenbosch; Catharina van Eck, Beaufort-Wes; B. H. van Zyl, Kakamas; Hanlie Joubert, Sutherland; Jacoba Mans, Uppington; Emma Olivier, Bellville; W. A. Botha, Somerset-Oos; Hennie van Zyl, Montagu; Willem A. Nel, Port Elizabeth; Lacea Sophia Breed, Marnagalieskraal; Johan Hendrik, Marnagalieskraal.

25 Okt.: Iris Jacobs, Carnarvon; Christina Kittshof, Woodstock; Barend J. Lubbe, Clanwilliam; Johanna Botes, Ceres; L. Gedenhuus, Bellville; Cars Geert de Jongh, Lemontfontein; J. E. de Klerk, Rustenburg; Jan Oescher, Koedoeskop; Selwyn Viljoen, Port Elizabeth.

BRITTE SPEEL BIJART IN KERK**„Heiliges” as Toeskouers**

In die Britse blad Daily Mirror van 26 April hierdie jaar verskyn 'n groot foto van soldate wat binne 'n historiese kerk besig is om biljart, tafeltennis en pylgooi te speel. Die byskrif verklaar dat die kerk sedert 680 n.C. in Worcester staan, maar dat dit die eerstemaal is dat soldate vroue daar „snooker” speel of dat die ou pilare gebruik word as die agtergrond waarteen nyle gewerp word. Verder word verklaar dat die heilige beeld op die glas „instemmend toekyk” op 'n tennistafel, 'n biljartafel, tafels en stoele vir slentery, lees en skryf en „al die geriewe van 'n plek om na toe te gaan”. „Dit neem slegs 'n paar minute vir die besoekers om gewoon te raak aan hul snaakse omgewing” word daaraan toegevoeg. Die orrel en preekstoel is afgeskort vir die gewone dienste, terwyl die res van die kerk gebruik word vir nie gewone dienste! Aldus die berig.

POLITIEKE LOGIKA

I. „Volkseenheid kan alleen verkry word binne die H.N.P.!”

II. „Die O.B. staan vir 'n eenparty-stelsel — daarmee wil ons niks te doen hê nie.”

Hier het ons twee van die H.N.P. se tipiese krete, maar laat ons hulle nader ontleed.

H.N.P.-Kreet No. I.: Hierdie kreet beteken dat volkseenheid alleen verkry kan word wanneer alle Afrikaners aan één party en één party alleen behoort (nl. die H.N.P.). Wanneer daar Afrikaners is wat aan ander partye behoort as die één party dan is daar nie volkseenheid nie.

H.N.P.-Kreet No. II.: „Die O.B. staan vir 'n eenparty-stelsel.” D.w.s. die H.N.P. sê die O.B. sê daar kan alleen volkseenheid wees as alle Afrikaners aan één party behoort en één party alleen. Die H.N.P. sê die O.B. sê dat as daar Afrikaners is wat aan ander partye behoort as die één party dan is daar nie volkseenheid nie!

Daarom sê die H.N.P. dat hulle verskil van die O.B. want hulle (die H.N.P.) sê daar kan alleen volkseenheid wees as almal aan een party behoort..... daarom is dit verkeerd om te glo (soos die O.B. glo glo) dat almal aan een party moet behoort!

En al die tyd glo die O.B. aan 'n „geen-party”-stelsel!